Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**SENIOR FASE**

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2014

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3 MEMORANDUM

**PUNTE: 30**

Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye wat 2 rubrieke insluit.

## AFDELING A: OPSTEL

## ALGEMENE RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN VRAESTEL 3:

1. Maak gebruik van die voorgeskrewe rubrieke (BYLAAG A, BYLAAG B ). Bestudeer en bespreek hierdie rubrieke baie deeglik. Let veral daarop dat beplanning, formaat, redigering en struktuur by die rubrieke ingesluit is.

2. **As ʼn onderwerp misgetas is, word die kandidaat volgens die rubrieke baie laag op inhoud aangeslaan.**

3. Indien ʼn skryfstuk **enigsins uit die vraestel saamgeflans** word of **dele van opdragte uit die vraestel net so oorgeskryf word**, sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die kandidaat ontvang dan **geen punte nie**. Kommentaar sal wees: **Nie eie werk nie/Saamgeflans.**

4. Maak gebruik van die volgende simbole/tekens by die nasien van skryfwerk ter wille van eenvoud en eenvormigheid. Om net strepe te trek, is ONAANVAARBAAR.

| **SIMBOOL** | **BESKRYWING** | **VERDUIDELIKING** |
|---|---|---|
| O | Sirkel | punktuasiefout |
| ======== | Dubbele strepie onder ʼn woord | spelfout |
| (................) | Plaas hakies om die woord | Woordorde weggelaat |
| ^ | weggelaatteken | Woord weggelaat |
| T | Hoofletter T in die kantlyn | Tye verwar |
| hh | Dubbele hh | Herhaling van gedagtes |
| Vr | Vraestel | Dele saamgeflans met woorde in vraestel gebruik |
| ? | Vraagteken | Baie verwarrend/sukkel om te verstaan wat leerder skryf |
| // | Dubbele skuinsstreep | paragraafindeling |
| × | Trek × oor die verkeerde woord | Woord uit ander taal gebruik |
| √ | √ Bo die woord | Erkenning van taaljuweeltjies |

5. By skryfstukke wat te lank is, word die maksimum lengte nagesien en ʼn streep deur die res getrek. Dan word die kandidaat nie verder per kategorie by struktuur gepenaliseer nie.

**NEERSKRYF VAN PUNTE:**

1. Gebruik die korrekte rubriek vir elke tipe skryfstuk.
   Assesseer die kandidaat se skryfstukke na aanleiding van die **sewe KODES** volgens:
   - AFDELING A: **INHOUD** en **BEPLANNING** (10 punte), **TAAL**, **STYL en REDIGERING** (5 punte ) en **STRUKTUUR** (5 punte)
   - AFDELING B: **INHOUD**, **BEPLANNING** en **FORMAAT**(5 punte) en **TAAL, STYL en REDIGERING** (5 punte )

2. Evalueer hoe goed, gemiddeld of swak die kandidaat binne daardie kodes tussen die gegewe punte is. Byvoorbeeld: uit ŉ gegewe punt van 8 tot 10 uit 20, moet die nasiener kan assesseer watter punt die skryfstuk verdien. Skryf net EEN punt neer.

3. Hou die **persentasies** by die kodes in gedagte. Dis ŉ hulpmiddel.

4. Skryf die punte soos volg neer:

| KODE | AFDELING A | PUNT |
|---|---|---|
| 6 | I/B | 7 |
| 5 | T/S/R | 3 |
| 5 | S | 3 |
| | TOTAAL | 13 |

| KODE | AFDELING B | PUNT |
|---|---|---|
| 7 | I/B/F | 4 |
| 7 | T/S/R | 4 |
| | TOTAAL | 8 |

5. Halwe punte word na die eindtotaal oorgedra en daar afgerond.

**ANALISE VAN DIE VRAESTEL:**

Leerlinge se opstelle word deur die onderwerp gelei en hoef nie noodwendig soos die onderstaande soort opstelle te wees nie.

| AFDELING A | OPSTEL |
|---|---|
| 1.1 | Verhalend |
| 1.2 | Beredenerend |
| 1.3 | Verhalend |
| 1.4 | Verhalend / Beskrywend |

| AFDELING B | TRANSAKSIONELE TEKSTE |
|---|---|
| 2.1 | Toespraak |
| 2.2 | Huldeblyk |
| 2.3 | Dialoog |

## AFDELING A: OPSTELTIPES

Assesseer die opstel sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Die soort opstel wat die leerder aanbied, word deur die onderwerp gelei.

Die volgende dien net as riglyne:

Van die leerling word verwag om:

- EEN vraag te beantwoord.
- 210–240 woorde oor die onderwerp te skryf.
- Die instruksies by die vraag uit te voer.

## VERHALENDE OPSTEL

- Dis ŉ interessante vertelling van ŉ storie/gebeurtenis.
- Dit kan vanuit die leerder se perspektief geskryf word.
- Die inleiding moet die leser se aandag vasvang.
- Die vertel-/storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig die leser.
- Die leser se belangstelling moet deurgaans behou word.
- Die verhaal word realisties en met entoesiasme geskryf.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf of kan fiktief wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- ŉ Buitengewone slot rond dit finaal af.
- Kru-taal word nie toegelaat nie. Die rubriek maak voorsiening dat die kandidaat

## BEREDENERENDE OPSTEL

Dis objektief en probeer om ŉ gebalanseerde gesigspunt van beide kante van ŉ argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan.
Die skrywer mag tot ŉ spesifieke gevolgtrekking kom <u>aan die einde</u> <u>van die opstel</u>, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontleed wees in die ontwikkeling van die opstel.

- Die opstel handel oor ŉ onderwerp waarvoor standpunt ingeneem word.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- ŉ Gevolgtrekking word bereik in die slot.

## VISUELE PRIKKELS

Die onderwerp moet by die visuele prikkels pas. Die nasiener moet onthou dat alhoewel hierdie visuele prikkels oop is vir ŉ verskeidenheid interpretasies, die opstel direk by die kern van elke prent moet aansluit. Die agtergrond kan in ag geneem word om die kern toe te lig. **Die kandidaat se perspektief op die kern van die prent moet oorweeg word by die assessering.**

## ONTLEDING VAN MOONTLIKE OPSTELTIPES PER VRAAG:

- Die vrae is só geformuleer en die prente só gekies dat ŉ persoonlike inkleding van die gekose onderwerp/kern van die prent deur die kandidaat gegee kan word.
- Die opstel wat geskryf word kan **waarskynlik in meer as een kategorie val**, **maar nie noodwendig nie**. ŉ Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

**TOTAAL AFDELING A: 20**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

## VRAAG 2: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Van die leerling word verwag om:

- EEN vraag te beantwoord.
- 140 tot 160 woorde oor die onderwerp te skryf.
- Die instruksies by die vraag uit te voer
- Die regte formaat te gebruik.

### 2.1 TOESPRAAK

Die toespraak word gehou om luisteraars te probeer oorreed/oortuig om iets te doen. Leerders moet oortuig word om vir hom/haar te stem as lid van die leerlingraad. Dit is informeel, want spreker praat met skoolmaats.

Die volgende word van die skrywer verwag:

- Die inleiding moet interessant wees.
- Elke paragraaf handel oor 'n nuwe feit.
- Die taal, styl en register moet pas by die gehoor.
- Die slot moet die gehoor oortuig. **[10]**

### 2.2 'N HULDEBLYK

- Taal en register pas by die huldeblyk.
- Liefde en respek vir die oorledene is duidelik.
- 'n Kort uiteensetting van die persoon se lewe/bydrae wat gelewer is, is gegee.
- Meegevoel en of waardering vir die persoon word uitgespreek.

**FORMAAT**

- Enige formaat: dit kan as een paragraaf aangebied word met 'n inleidende en slotsin of met meer paragrawe wat 'n inleidende en slotparagraaf het.
- Die inleiding is treffend.
- Die slotsin vat die lewe van die oorledene treffend saam**.** **[10]**

2.3 **DIALOOG**

Dit is ŉ gesprekvoering tussen twee persone oor waarom die dogter/seun nie saam met haar/sy ma na die winkelsentrum toe wil gaan nie. Die taal en styl moet by die onderwerp pas.

Van die skrywer word verwag om die korrekte formaat te gebruik.

- Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- ŉ Reël word tussen spreukbeurte oopgelaat.
- Enige ekstra inligting word tussen hakies geskryf.
- Die inhoud moet in blokvorm wees. **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**
**GROOTTOTAAL: 30**

## RUBRIEKE: BYLAAG A
## AFDELING: OPSTEL [20]

| 20 punte | Kode 7 Uitmuntend 80–100% | Kode 6 Verdienstelik 70–79% | Kode 5 Beduidend 60–69% | Kode 4 Voldoende 50–59% | Kode 3 Matig 40–49% | Kode 2 Basies 30–39% | Kode 1 Ontoereikend 0–29 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **8–10** | **7–7½** | **6–6½** | **5–5½** | **4–4½** | **3–3½** | **0–2** |
| **INHOUD EN BEPLANNING**<br><br>**10 punte** | Inhoud beïndruk leser met insig in onderwerp.<br>Idees is volwasse.<br>Beplanning lei tot 'n feitlike foutlose opstel. | Inhoud toon deeglike Interpretasie van onderwerp.<br>Idees interessant en verbeeldingryk.<br>Beplanning lei tot goed saamgestelde, gepaste onderwerp. | Inhoud toon 'n goeie interpretasie van onderwerp.<br>Idees interessant en oortuigend.<br>Beplanning lei tot goeie gepaste opstel. | Voldoende interpretasie van onderwerp.<br>Idees gewoon en diepte ontbreek.<br>Beplanning is bevredigend | Inhoud gewoon met leemtes in samehang.<br>Idees meestal relevant, herhalend.<br>Beplanning lei tot redelike verstaanbare opstel. | Inhoud dikwels onverstaanbaar, gebrek aan samehang.<br>Idees min.<br>Herhalend.<br>Beplanning lei dat opstel nie goed aangebied is nie. | Inhoud nie ter sake nie. Geen samehang nie. Idees herhaal.<br>Beplanning ontbreek, swak opstel. |
| | **4–5** | **3½** | **3** | **2½** | **2** | **1½** | **0–1** |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br><br>**5 punte** | Toon kritiese taalbewustheid.<br>Korrekte gebruik van taal en punktuasie.<br>Kan figuurlike taal in konteks gebruik.<br>'n Variasie in woordkeuse en word korrek gebruik.<br>Styl, toon, en register is toepaslik vir die onderwerp.<br>Opstel meestal foutloos na proeflees en redigering. | Toon kritiese taalbewustheid.<br>Korrekte gebruik van taal en punktuasie.<br>Kan figuurlike taal in konteks gebruik.<br>'n Variasie in woordkeuse en word korrek gebruik.<br>Styl, toon en register is toepaslik vir die onderwerp.<br>Opstel meestal foutloos na proeflees en redigering. | Daar is bewyse van kritiese taalbewustheid.<br>Taal en punktuasie meestal korrek.<br>Woordkeuse is gepas vir opstel.<br>Styl, toon en register is meestal toepaslik vir die onderwerp.<br>Opstel oor die algemeen foutloos na proeflees en redigering. | 'n Aanduiding van krities taalbewustheid.<br>Taal baie eenvoudig en punktuasie voldoende.<br>Woordkeuse voldoende.<br>Styl, toon en register oor die algemeen in ooreenstemming met vereistes vir die onderwerp.<br>Opstel het steeds foute na proeflees en redigering. | Geen kritiese taalbewustheid.<br>Taal gewoon en punktuasie dikwels foutiewelik gebruik.<br>Woordkeuse basies.<br>Styl, toon en register toon gebrek aan samehang.<br>Opstel het steeds foute na proeflees en redigering. | Geen kritiese taalbewustheid.<br>Gebrekkige taal en punktuasie.<br>Woordkeuse beperk.<br>Styl, toon en register gebrekkig.<br>Opstel is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. | Geen kritiese taalbewustheid.<br>Ernstige gebrek aan taal en punktuasie.<br>Woordkeuse ontoepaslik.<br>Styl, toon en register is baie gebrekkig.<br>Opstel is besaai met foute en verwar ten spyte van proeflees en redigering. |
| | **4–5** | **3½** | **3** | **2½** | **2** | **1½** | **0–1** |
| **STRUKTUUR**<br><br>**5 punte** | Ontwikkeling van onderwerp is samehangend, met verbeeldingryke detail.<br>Sinne en paragrawe samehangend saamgestel.<br>Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | Ontwikkeling van onderwerp is samehangend en logiese ontwikkeling van detail.<br>Verskillende tipes sinne, paragrawe skakel logies.<br>Lengte is korrek. | Ontwikkeling van onderwerp is samehangend met verbeeldingryke detail.<br>Sinne en paragrafering is samehangend en goed gekonstrueer/saamgestel.<br>Lengte korrek. | Onderwerp bevat sommige idees; noodsaaklike detail egter ingesluit.<br>Sinskonstruksie en paragrafering kan foute bevat, maar opstel maak nog sin.<br>Lengte is amper korrek. | Daar is bewyse van ontwikkeling van sommige noodsaaklike idees.<br>Sinskonstruksie en paragrafering baie foutief, maar idees is verstaanbaar.<br>Lengte te kort/lank. | Dwaal soms van die onderwerp af.<br>Algemene gedagtegang moeilik om te volg.<br>Sinskonstruksie en paragrafering baie elementêr saamgestel.<br>Lengte is te kort/lank. | Afgedwaal van die onderwerp.<br>Sinskonstruksie en paragrafering: deurmekaar en ondeurdag.<br>Lengte is heeltemal te kort/lank. |

## BYLAAG B
## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE [10]

| 10 punte | Kode 7 Uitmuntend 80–100% | Kode 6 Verdienstelik 70–79% | Kode 5 Beduidend 60–69% | Kode 4 Voldoende 50–59% | Kode 3 Matig 40–49% | Kode 2 Basies 30–39% | Kode 1 Ontoereikend 0–29 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **4–5** | **3½** | **3** | **2½** | **2** | **1½** | **0–1** |
| **INHOUD BEPLANNING EN FORMAAT.**<br><br>**5 punte** | Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks.<br>Gedissiplineerde skryfwerk. Behou deurgaans algehele fokus; geen afwykings nie.<br>Teks algeheel samehangend; alle detail ondersteun onderwerp.<br>Beplanning lei tot foutlose en gepaste teks.<br>Al die nodige reëls vir formaat is toegepas. | Goeie kennis van vereistes van teks.<br>Gedissiplineerde skryfwerk. Behou fokus; byna geen afwykings nie.<br>Inhoud en idees samehangend: alle detail ondersteun die onderwerp.<br>Beplanning lei tot ŉ goed saamgestelde, gepaste teks.<br>Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas. | Redelike kennis van vereistes van teks.<br>Behou goeie fokus, onbenullige afwykings.<br>Inhoud en idees samehangend; detail ondersteun die onderwerp.<br>Beplanning lei tot goeie gepaste teks.<br>Die meeste van die nodige reëls is toegepas. | Voldoende kennis van vereistes van teks.<br>Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie.<br>Inhoud en idees is voldoende; samehangend; sommige van die detail ondersteun die onderwerp.<br>Beplanning lei tot ŉ bevredigende teks.<br>Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende. | ŉ Gemiddelde kennis van vereistes van teks.<br>Respons toon oppervlakkige fokus.<br>Wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek vaag.<br>Inhoud en idees gemiddeld en samehangend.<br>Basiese detail ondersteun die onderwerp.<br>Beplanning lei tot ŉ redelike, gemiddelde, verstaanbare teks.<br>Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld; kritiese nalatige foute is begaan. | ŉ Elementêre kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon ŉ beperkte fokus.<br>Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek verwarrend.<br>Inhoud en idees nie samehangend nie; min detail wat die onderwerp ondersteun.<br>Beplanning is gebrekkig; teks nie goed aangebied nie.<br>Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag. | Geen kennis van vereistes van teks nie.<br>Inhoud wyk af van onderwerp;<br>Betekenis is plek-plek verwarrend.<br>Inhoud en idees is nie samehangend nie; te min detail ondersteun die onderwerp.<br>Beplanning is afwesig/nie gedoen nie; swak aanbieding van teks.<br>Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie. |
| | **4–5** | **3½** | **3** | **2½** | **2** | **1½** | **0–1** |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING.**<br><br>**5 punte** | Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel.<br>Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>Styl, toon en register baie toepaslik.<br>Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering.<br>Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel.<br>Woordeskat is meestal toepaslik vir die doel van teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register meestal toepaslik.<br>Teks oorweging foutloos na proeflees en redigering.<br>Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | Is grammatikaal maklik om te lees; sinne is goed saamgestel.<br>Woordeskat is toepaslik vir die doel van teks, gehoor en konteks.<br>Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik.<br>Teks meestal foutloos na proeflees en redigering.<br>Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute.<br>Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>Styl, toon en register voldoende.<br>Teks het steeds foute na proeflees en redigering.<br>Lengte is amper korrek. | Teks is basies saamgestel. Verskeie foute.<br>Woordeskat is beperk en nie baie gepas vir doel van teks, gehoor en konteks nie.<br>Styl, toon en register toon gebreke.<br>Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.<br>Lengte te kort/lank. | Teks is swak en moeilik om te volg.<br>Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie.<br>Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie.<br>Teks is besaai met foute t.s.v. proeflees en redigering.<br>Lengte is kort/lank. | Teks is swak saamgestel en verwarrend.<br>Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks nie.<br>Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie.<br>Opstel is besaai met foute en verwarrend ten spyte van proeflees en redigering.<br>Lengte is heeltemal te kort/te lank. |